T.T. CLOETE: WENNER VAN DIE LOUIS LUYT-PRYS VIR 1982

Prof. T.T. Cloete, hoof van die departement Afrikaans-Nederlands aan die PU vir CHO, het in die herfs die Louis Luyt-Prys vir Afrikaanse letterkunde vir 1982 ontvang. Die toekenning is veral gemaak op grond van sy tweede bundel, *Jukstaposisie,* wat allerweë baie goed ontvang is, nadat sy eerste bundel, *Angelliera,* ook sterk vir hierdie prys oorweeg is. *Jukstaposisie* het in 1982 by Tafelberg-uitgewers verskyn en kos R10,50 plus AVB. Hierby word twee gedigte uit hierdie bundel oorgedruk.

Skouspel I

vanaf die glansende dun horings en die gesig
puntig verfynd uit oor die lig geboë rug
tot in die stertkwassie spigtig

gelig af in die glasbreekbaar
dun bene pronk waaierhaar

die springbok nael met die speer
se vaart wip met die haarveer

se spanning hoepel
soepel

onder die leeu majesteitlik veilig
en gevrees pragtig
onder sy gewig

vouknakval
die springbok met 'n knapknal

breek hy die bene en rug en maak prooi
van elegansie wat argeloos mooi

is lê en spartel
voor die gewelddadige mooi wat aanskoulik martel

Skouspel II

hy is 'n fier
geweldenaar hy jag
al met die lewensgeurige wind langs
in die nag
die triomfantlike tier

sy sierlikheid sweep hy slangslank
in 'n fraai kurwe van die kop af lank

uit tot in die stertkwas deur die soepel rug
sy bevrediging krul hy oor sy vangs
uit soveel venynige prag
is daar soveel angs
voor hom soveel magtelose vlug

Uit: T. T. Cloete
Jukstaposisie
Tafelberg-uitgewers
1982